



## TOULEIER



## Hoe om met Afrikaners partytjie te hou [2]

**V**erlede keer se uitgawe het oorlewingsreëls een en twee gedek van wat jy kan verwag as jy van 'n ander kultuurgroep is en 'n Afrikanerpartytjie gaan bywoon. Party lesers het ingeskryf om te sê ek vat my eie mense darem effe te vlak. Hulle meen ook dis ook maar goed ons het 'n sin vir humor. Onthou net, dis geskryf deur 'n buitestaander. Dis soos hulle ons sien.

Hier volg nou die res van die reëls:

### Reël 3: Trek behoorlik aan

Afrikanerdames voel dit hul plig om pragtig te moet lyk. Dis hoekom jy hulle nooit sonder hoëhakskoene, hare gedoen, volle grimering en Franse naels sal vang nie. By 'n informele funksie sal hulle dalk nog jeans dra. Daar bestaan nie so 'n ding soos te veel maskara nie en ook nie so iets soos 'n jean wat te styf sit nie.

Meeste Afrikanervroue verkies 'n jean met 'n hoë middel want meeste van hulle het ordentlike, wye, kinderdraende heupe.

Hulle is ook nie skaam om so 'n effense kameeltoon te wys nie. Wanneer die jean te laag gesny is, (gereeld) verwag om 'n wye agterwêrelduitsig te kry wat mooi in die middel verdeel is met 'n guitige strepie boudjieflos.

Afrikanermans sal net langbroek dra as dit absoluut nodig is. Soos wanneer hulle 'n Leatherman-mes aan die belt wil hang.

Hulle verkies altyd 'n kortbroek vir partytjies. Net dit, niks ander kledingstukke nie. Die lengte van die kortbroek is omgekeer proporsioneel tot die grootte van die boep. Hoe groter die boep, hoe korter die broek.

### Reël 4: Wees gereed om te veg vir jou lewe

As 'n reël is Afrikaners skrikwekkend groot. Dis seker te wyte aan hul dieet van rooivleis, soggens, smiddae en saans. Selfs 'n dertienjarige meisie sal kan inval op slot vir die Blitsbokke as die nood dreig en as haar ouers dit sal toelaat.

Dis hoekom daar dan ook gereeld by Afrikanerpartytjies fisiese kragmetings sal plaasvind. Mans, vrouens en kinders sal armdruk, jou swaar goed laat optel of jou in die swembad probeer versuip. Dit staan bekend as pret.

### Reël 5 : Dans in nie onderhandelbaar nie

Dit maak nie saak of jy by 'n braai, 'n doop of 'n aandete is nie, een of ander tyd sal jy moet wat hulle noem die onderlyf skud of sakkie-sakkie.

Die verskeidenheid style is verbysterend. Wees voorbereid om enige aksie van binnenshuise branderplankry tot die Egiptiese vrugbaarheidsritueel te aanskou.

Die standaard is egter om met die voete wyd uitmekaar die bekken en die kop ewe heftig te pomp en te skud. Indien jou beterwete of skaamte jou verhinder om saam te dans, sal jy gegryp word en gedwing word om te dans. Of jy sal weer eens in die swembad beland.

### Finale wenk:

'n Partytjie saam met Afrikaners kan een van die genotlikste ondervindings van jou lewe wees. Probeer net om niks te breek, te beskadig of te verloor nie. Met niks bedoel ek in hierdie orde: jou bene, jou lewer of jou hart.

**Volgende keer:** Om te partytjie saam met Rooinekke.

**Hennie Greeff**

Doha, Katar

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

# Om die kampvuur



## Ons woeste wêreld

### WAAR IS DIT DIE WARMSTE?

Dallol, Ethiopië het die hoogste gemiddelde jaarlikse temperatuur. Van 1960-'66 was die daaglikse gemiddeld 34,5 °C Dit was in 1960 'n myndorpie, maar is vandag 'n spookdorp.

Maar in die Lut-woestyn in Iran is die hoogste aangetekende temperatuur nog met behulp van 'n akkurate satellietlesing geneem: 70,7 °C in 2005.

Suid-Afrika: Dunbrody, naby Kirkwood in die Oos-Kaap, het in 1918 50 °C geregistreer.

Antartika se warmste dag was 14,6 °C in 1974.

Die hoogste temperatuur by die Suidpool is -12,3 °C op Kersdag 2011.

## GOED GESÊ

Ek het altyd gedink ek is besluiteloos, maar nou is ek nie meer seker nie.

-- Howard Hofman

Almal het 'n fotografiese geheue, maar nie almal het film nie.

-- Steven Wright

As jy hulle nie kan oortuig nie, moet jy hulle prober verwar.

-- Harry Truman

As jy nie van die familie se geraamtes in die kas ontslae kan raak nie, kan jy hulle netsowel leer om te dans.

-- George Bernard Shaw

Daar heers vrede in elke huis waar die familie nie die fout maak om saam te kom nie.

-- Kin Hubbard

### Oor daai glas

Vir die pessimis is die glas half leeg.

Vir die optimis is die glas half vol.

Nou is daar 'n nuwe siening: Vir die ingenieur lyk dit of daar twee keer te veel glas gebruik is.

## Die herkoms van ons gesegdes (12)

**Knol:** Iemand knolle vir sitroene verkoop (iemand allerhande dinge wysmaak)

'n Knol is 'n soort raap, en lyk hoegenaamd nie soos 'n sitroen wat soos 'n suurlemoen met 'n dun skil lyk nie.

**Knoop:** Die knoop deurhak; die Gordiaanse knoop deurkap ('n moeilike saak oplos of afhandel)

Dit verwys na 'n gebeurtenis meer as 2 000 jaar gelede waarby Aleksander die Grote betrokke was. Toe hy Klein-Asië ingeval het, het hy op 'n wa afgekom wat Gordius, die koning van Frigië, aan die mitologiese god Jupiter opgedra het.

Die disselboom van die wa het Gordius aan 'n paal vasgemaak - met so 'n ingewikkelde knoop dat niemand dit kon loskry nie. Toe Aleksander hoor dat die persoon wat die knoop kan losmaak oor die hele ryk van Asië sal regeer, wou hy sy leër inspireer en sy vyande oortuig dat hy gebore is om te oorwin. Hy het geen tyd gemors om die knoop los te wikkell nie, maar dit eenvoudig met een hou van sy swaard deurgesny. Dit bly deur die eeue 'n voorbeeld van kragdadige optrede en die gebruik van onortodokse metodes.

**Kokkedoor:** 'n Groot kokkedoor ('n belangrike persoon)

Die kokkedoor is 'n vervorming van die Franse coq d'or, dus "haan van goud". Goue hane was vroeër eeue baie gewild, maar ook baie skaars en duur, en enigeen wat so 'n haan kon bekostig, moes dus 'n welaf of vooraanstaande persoon wees. Daar is naderhand oordragtelik na die eienaar verwys as die coq d'or - die goue haan, die groot kokkedoor.

**Kolmuis:** Kolmuis vreet wasgoed (gesê as iemand se klere in die gleuf van die boude optrek)

Kolmuis is dikwels die naam van 'n koei wat 'n kol voor die kop of kolle op die lyf het. Die beeld van 'n koei wat wasgoed vreet, is waarskynlik in geselskap gebruik om kuisheidsredes.

# Oor oupas en oumas

## Agtjariges se menings

*Grootouers is 'n man en 'n vrou wat nie hul eie kinders het nie. Hulle hou van ander mense se kinders.*

*'n Oupa is 'n man en 'n ouma is 'n vrou.*

*Grootouers doen niks nie behalwe as om by die huis te wees as ons kom kuier. Hulle is so oud hulle behoort nie rof te speel of te hardloop nie.*

*Wanneer hulle ons op uitstappies neem, stap hulle stadig verby goed soos mooi blare en ruspes.*

*Hulle wys ons en vertel ons van die kleure van blomme en hoekom ons nie in krake moet trap nie.*

*Hulle sê nooit maak gou nie.*

*Hulle dra snaakse brille en snaakse onderklere en hulle kan hul tande uithaal.*

*Oupas en oumas hoef nie slim te wees nie.*

*Hulle moet vrae antwoord soos "Hoekom is God nie getroud nie?" en hoekom honde katte jaag.*

*Wanneer hulle vir ons lees, slaan hulle niks oor nie. Hulle gee ook nie om om iets oor te lees of dieselfde storie baie keer te lees nie.*

*Almal moet probeer om 'n ouma te hê, veral as julle nie TV het nie want hulle is al grootmense wat tyd vir ons het.*

*'n Sesjarige is gevra waar haar ouma woon. "O, sy bly by die lughawe. As ons haar wil hê, gaan ons net soontoe. Wanneer ons klaar gekuier het, vat ons haar weer terug na haar huis op die lughawe."*

*Oupa is die slimste man op die wêreld. Hy leer my goeie dinge. Ek sien hom nie genoeg sodat ek net so slim soos hy kan word nie.*

*Hulle blameer altyd die hond as hulle oorbuig en 'n wind los.*

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

## ONTSNAPTE LEEU

'n Man was besig om met Jan Smutsweg te stap toe 'n hele klomp mense op hom afstorm.

Hy het een van hulle gestop.

"Wat gaan aan?" wou hy weet.

"Daar het 'n leeu uit die dieretuin ontsnap," sê hy uitasem.

"O. Watter kant toe is hy op pad?"

"Wel," sê die hardloper, "kom ek stel dit so: Ons is nie besig om hóm te jaag nie."

## MISVERSTAND

Vrou: "Drink jy Klippies en Coke?"

Man: "Ja."

Vrou: "Hoeveel per dag?"

Man: "Drie doppe."

Vrou: "Hoeveel betaal jy per dop?"

Man: "Gewoonlik so R20."

Vrou: "En hoe lank al drink jy?"

Man: "Ongeveer 20 jaar."

Vrou: "So, teen R20 n dop drink jy R60 per dag en dus R1800 per maand."

Man: "Jip, klink reg."

Vrou: "Dus oor twintig jaar het jy maklik R432,000 uitgedrink."

Man: "Korrek."

Vrou: "Besef jy dat as jy daardie geld eerder belê het, jy na opgehoopde rente, vandag 'n Ferrari kon gekoop het?"

Man: "Drink jy Klippies en Coke?"

Vrou: "Nee."

Man: "Waar is jou Ferrari?"

## VIAGRA LITE

Alles is deesdae Lite. Corsa Lite, Coke Lite, Sprite Lite. Tot bier en sigarette kom in die ligte kategorie uit.

Vir ou mans met hartprobleme is daar nou ook Viagra Lite.

Dit gee hom net vuil gedagtes!



## RUGBYKAARTJIE

Klein Jannie is 'n fanatiese Blou Bul ondersteuner en dis weer 'n wedstryd tussen die Bulle en die Stormers. Hy gaan Loftus toe en neem sy plek in op die mees gesogte en duurste seisoenkaartjie sitplek..... op die hoofpawiljoen en regoor die middellyn.

Hy sit langs 'n man wat baie nuuskierig vra:

"Boetman, maar jy is darem baie bevoorreg om hier te kan sit en sê my, by wie kry jy die kaartjie?"

**Jannie:** "By my pa, oom."

**Man:** "En waar is jou pa?"

**Jannie:** "By die huis, oom."

**Man:** "Hoekom?"

**Jannie:** "Ek dink hy soek sy kaartjie."

## KERKDIENS

Klein Karel kom van die kerkdiens af en sy ma vra waaroor die dominee gepreek het.

Karel: "Oor sonde."

Ma: "En wat het hy oor sonde gesê?"

Karel: "Hy't gesê hy is daarteen gekant."

## DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



## STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

# Genl. Joubert was 'n praktiese mens

In die geskiedenis is daar wonderlike verhale wat wag om met humor ontsluit te word. Ek het weer hieraan gedink toe 'n vriend nou die dag hier by my kom in loer met 'n pragtige stukkie apokriewe geskiedenis. Sy naam sal ek liever verswyg. Daar is ouens wat ernstig oor die soort goed voel.

Ons raak aan die gesels oor die verloop van die Anglo-Boereoorlog. Baie mense voel met groot emosie dat generaal Piet Joubert (foto) enige kans wat die Boere gehad het om die oorlog te kon wen, by Ladysmith verspeel het. Sulke ouens glo dat sy beleid om met beleggings die Engelse op 'n knop te jaag van die begin tot mislukking gedoem was.

Die storie oor hoe genl Piet Joubert hom sou verdedig het deur te verduidelik dat as God jou 'n vinger gee, jy nie die hele hand moet vat nie, is wel bekend. Of hy ooit die woorde gespreek het, is 'n ander vraag.

Daar is 'n ander groep wat vertel dat na die ontsetting van Ladysmith, die Boere genl. Joubert gedwing het om 'n beker met gif te drink. Die storie is 'n klomp bog, dus laat ons dit daar.

My vriend het 'n heeltelmal nuwe siening oor die sokie. Hy vertel dat toe genl. Piet Joubert vir George

White en sy manne in Ladysmith vasgekeer het, het hy 'n Boereverkenner gestuur om in Durban te gaan kyk hoeveel soldate die Engelse nou regtig het.

Toe die verkenner uit Natal teruggekeer het, het hy hom gehaas om by genl. Joubert uit te kom. "Nou toe, vertel my hoeveel Engelse wag daar in Durban om teen ons te kom veg," wou die generaal weet.

"Baie generaal, baie," kom die antwoord uitasem.

"Hoeveel is baie, my seun? Honderde? Duisende?" wou die generaal weet.

"Honderde duisende, generaal," doen die verkenner groot oog verslag.

Wat ook van genl. Piet Joubert gedink mag word, een ding staan vas. Hy was 'n praktiese soort mens. Was dit dan nie hy wat vir Paul Kruger vertel het dat die forte om Pretoria 'n vermorsing van geld was nie?

"Nou maar goed dan," vertel hy die Boereverkenner "dan beter ons net hier by Ladysmith bly. As ons nou Durban gaan beset en al daai Engelse krygsgevangene moet neem, sal ons vir hulle kos en slaapplek moet gee. Dit sal nooit deug nie."



## OORLOGSTATISTIEKE

Digby 450 000 Britse troepe het aan die oorlog deelgeneem. Hiervan was 30 000 van oorsese Britse kolonies, 50 000 uit die Kaap en Natal en 5 000 joiners uit die twee republieke. Sowat 30 000 was gewapende swartes.

- Die Boeremagte het tussen 50 000 en 60 000 gewissel, en daar was nooit meer as 47 000 burgers in die veld nie. Daar was na raming 10 000 swart en bruin agterryers.
- Ongevalle: Aan Britse kant 7 800 weens krygsverrigtinge, 14 658 weens sieke en ongelukke.
- Aan Boerekant het 3 997 gesneuwel, 150 verongeluk en ongeveer 2 000 het aan siektes gesterf.
- Na raming is 30 000 plaashuise en 40 dorpe verwoes. Ongeveer 160 000 blankes en 130 000 swartes is in konsentrasiekampe aangehou. Sowat 28 000 blankes - onder wie 26 000 kinders - het in die kampe gesterf.
- Die oorlog het Brittanje £230 miljoen gekos. Vir repatriasie en hervestiging is £300 miljoen belowe, maar net £16 miljoen is uitbetaal.

# Uit die wakis

Stories vir die vaak



## Tiger Woods

Tiger Woods en Stevie Wonder was op 'n dag aan't gesels in 'n kroeg toe Woods ontdek dat die sanger ook gholf speel.

"Maar hoe kry jy dit reg? Jy is dan heeltemal blind?" wou Woods weet.

"Ag," sê Stevie, "dis eintlik heel maklik. My joggie staan in die middel van die skoonveld en skree vir my en ek slaan eenvoudig in sy rigting."

Woods was verbaas. "Dit klink wonderlik! Ek sal graag eendag 'n rondte saam met jou wil speel."

"Geen probleem. Maar ek moet jou waarsku, ek speel elke putjie vir \$1000."

"Dit pas my," sê Woods. "Wanneer wil jy speel?"

"Ag," antwoord Stevie, "jy kan enige aand kies, ek sal daar wees."



## Twee ou tantes

"Nie te sleg nie," antwoord sy. "Hoe voel jou rumatiek?"

"Ag, dis min of meer onder beheer. Hoe gaan dit met jou man?"

"O, het jy nie gehoor nie? Hy is verlede Dinsdag oorlede."

"Goeiste! Dis slegte nuus! Wat het gebeur?"

"Hy het supermark toe gegaan om 'n koolkop vir middagete te koop en het daar inmekaargesak en gesterf."

"Liewe hemel! Wat het jy toe gedoen?"

"Wel, wat kon ek doen? Ek het toe maar 'n blikkie ertjies oopgemaak."

**V:** Hoekom is Adam en Eva nie meer in die paradys nie?

**A:** Want Eva het hulle uit huis en hard geëet.



## Adam en Eva

'n Groep internasionale toeriste besoek 'n kunsgallery en stop voor 'n skildery van Adam en Eva in die tuin van Eden.

"Kyk net so," sê die Engelsman. "Net 'n Engelse paartjie kon so 'n pragtige tuin geskep het."

"Twak!" sê die Sweed. "Dis duidelik Sweeds. Waar elders kan 'n jong paartjie buitenshuis so trots nakend en onbeskaamd staan?"

"Julle is albei verkeerd," sê die Suid-Afrikaner. "Dit kan net in Limpopo wees. Hulle het nie klere nie, geen huis nie en al wat hulle te ete het is 'n appel wat hulle moet deel."



## Stilte in die hof!

Verskeie vroue verskyn in die hof en kla mekaar aan vir die probleme in die woonstelblok waar hulle woon.

Nadat hy 'n oor en weer geskree aangehoor het, steek die magistraat sy hand op.

"Genoeg!" bulder hy. "Julle gaan nou die kans kry om jul saak te stel, en julle gaan dit een-een doen, nie almal tegelyk nie."

"Ek sal begin met die oudste van julle."

Skielik daal daar 'n stilte in die hof neer. Uiteindelik is die S Saak uitgegooi weens 'n gebrek aan getuienis.



## Liegstories

**Waar is julle lekker liegstories? Elke dorpie het mos sy eie voorliegter gehad! Stuur hulle aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)**

### VREESLIKE KOUE

My oom Charly Stevens was ons familie se liegman. Reken, in die yskoue winter van '43 ry hy een aand naby Belfast met 'n ou Fordjie. Hy sien 'n ander kar aankom en verdof sy hoofligte. Skielik hoor hy net 'n slag soos iets die kar van voor af tref.

"Dis toe ek in die *brights* in vasry wat voor my soos lang pype gevries het".

### VINNIGE LORRIE

Oom Dawid Grootlieg van Bultfontein het vertel van die nuwe Chev lorrie wat hy gekoop het om sy mielies mee te vervoer. Die lorrie was blykbaar lekker vinnig en toe hy met een vrag op pad dorp toe is ry hy oor 'n laagwater bruggie en dit skiet die vragmotor vrag en al die lug in.

Toe hy in sy spieëltjie kyk het hy onder die vrag uitgejaag! Gelukkig het die nuwe Chev baie goeie brieke gehad en hy kon betyds stop en agteruit ry, as't ware weer "onder" die vrag in!

Julle sal dit nie glo nie, maar hy sweer daar het nie 'n enkele pit afgeval nie!

### BLITSIGE FORD

Kan nie sy naam onthou nie, maar so in 1975 se kant in Swellendam het 'n ou 'n nuwe Ford Granada gekoop - groen en splinternuut. Hy vertel toe die kar is so vinnig, hy het die vorige Sondag ná kerk drie keer by sy afdraai verby gery voordat hy die draai kon maak!

### KNAP SKUT

Dan was daar oom Dawid se jagstorie. Nadat hulle die hele dag gejag (en niks raakgeskiet het nie) kom hulle op twee pragtige koedoes af, maar hy het net een patroon oorgehad ná al die misskote.

Toe haal hy maar sy Joseph Rodgers knipmes uit en kruip versigtig nader tot hy omtrent halfpad kom. Toe plant hy die knipmes mooi stewig met sy lem in die lug en kruip weer terug. Toe mik hy vir die lem en skiet dit sá raak dat die koeël in twee verdeel en alby koedoes tref - twee doodskote!

(Vreemd dat hy so goed kon skiet nadat hy heeldag mis geskiet het!)

### PERFEKTE SPEELDING

Selfs met 'n duisend speletjies, aksiehelde, boublokstelle en ander speelgoed kon die vrou niks by die speelgoedwinkel vir haar kleinseun kry nie.

"Miskien 'n video of iets opvoedkundigs?" stel die assistent voor.

Maar sy wil ook nie hieraan byt nie, en hulle stap met die gangetjies op en af totdat hy 'n lasergeweer met flitsende ligte en 15 skril sirenes vir haar demonstreer.

"Dis perfek!" roep sy met 'n stralende gesig uit. "My skoondogter sal hierdie speelding háát!"

# Só maak mens

## Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur **RETHA KRUGER**

### Oorspronklike Esmé en Jan-resepte

#### GEMMERBROOD

250ml olie                      3 eiers  
250ml gouestroop            250ml loutwarm water  
5ml koeksoda opgelos in 60ml loutwarm water  
750ml koekmeelblom  
knippie sout  
5ml bakpoeier  
15ml fyn gemmer  
10ml gemengde speserye  
250ml suiker

Voorverhit die oond tot 180 °C. Smeer twee broodpannetjies met margarien. Klits die olie, eiers, gouestroop en water saam in 'n mengbak tot goed gemeng. Sif die droë bestanddele een vir een oor en voeg dan die suiker by. Klits tot goed gemeng, sowat 5 minute. Giet in voorbereide panne.

Bak sowat 45 minute lank of totdat 'n mespunt skoon uit die middel van die brood kom. Laat effens afkoel en keer op 'n draadrak uit. Laat heeltemal afkoel en bedien met botter.

# STAMBOOM

## Help ons familiespeurders

### **VROU SOEK HAAR VADER**

**COETZEE** 0765144144@vodacom.co.za

Ek's op soek na meer inligting oor my biologiese vader. Hy is Frederik Coenraad Coetzee en my biologiese ma Machtild Terblanche, noemnaam Tillie. Hulle het 'n verhouding gehad in omtrent 1960. Ek is as Frederika Magdalena Corlina Coetzee geregistreer in Pretoria. My geboortedatum is 7 Junie 1961. In April 1962 in Christiana aangeneem deur die Swart-egpaar. As enige iemand my kan help met enige inligting sal ek dit waardeer. Ek wil graag weet hoe lyk my vader.

**HEFER** acgeyer@hotmail.co.za

Oos-Vrystaat-Rosendal, Senekal, Bethlehem.

**KRUGER** jkruger@walvisbaycc.org.na

Ek soek na inligting oor die nasate van Theunis Johannes Kruger, gebore op 7 June 1806 te Graaff-Reinet (broer van President Paul Kruger se vader).

**NIENABER** yapyap@mweb.co.za

Op soek na inligting oor Zarel (Sarel) Gerhardus Nienaber getroud met Anna Catharina Venter. Ek weet van 2 seuns Gerrit (Gert) Abraham (1850) en Nicolaas Johannes Josef Jacobus (1855) Boere in die Burgersdorp-distrik.

**OLIVIER** yapyap@mweb.co.za

Inligting oor Jan Daniël Olivier (Burgersdorp) geb 1868 oorlede 1904. Was getrou Susanna Catharina Schoeman.

Hulle het 2 kinders gehad, Helena Hendrina Catharina (Lenie) (1893-1961) en Jan (1975). Aletta is na Jan Daniël se dood met Jacobus Johannes Venter getroud.

**THOM** mathysj.thom@facebook.com

Middelburg gebore. 5411225023088. Sabie groot geword. Sybrand van Niekerk Hoërskool gematrikuleer

**VAN LYDENBURG** lili@swu.co.za

Ons soek vir Riaan wie se ma Jana is van Lydenburg. Sy pa is Hubert Buckley. Sy pa soek hom. Riaan is gebore die 19de Desember en is nou 18 jaar oud.

**VAN ZYL** yapyap@mweb.co.za

Op soek na inligting oor Gideon van Zyl (27/12/1895 - 2/9/1931) was getroud met Susanna (Poppie) Lombard.

Hulle het 2 seuns gehad, Petrus Erasmus (1926) en Gideon Samuel (1931) Petrus Erasmus is in Umvoti (Greytown) gebore. Enige inligting welkom.



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



Hardkoppig  
besluit ek om al  
die los sente wat  
in die kar rondlê  
in hopies te begin  
pak.

Deur JULENE DU TOIT

**E**k vat Saterdag my susterskind lughawe toe om by sy ma-hulle te gaan kuier en onthou die oggend in 1990 wat ek vir manlief by die lughawe moes aflaai en by die verkeerde parkeerarea inry.

Om die hele prentjie in perspektief te plaas, moet ek seker eers vertel wat gekrap het waar dit op daardie stadium nié gejeuk het nie. My ondervinding met Murphy is dat dit 'n blikskottelse ding is. Hoe minder jy dit kan bekostig om laat te wees, hoe makliker sal jy verslaap. As jy wel betyds opstaan, sal jy 'n pap wiel ontdek of jou sleutels soek tot jy laat is – enigiets, solank jy net nie betyds kom waar jy wil wees nie.

Dié betrokke oggend het heel normaal begin – wat dit ook al is! Ons is almal in die motor, reg om by die lughawe langs te ry voor die kinders by die skool afgelaai moet word, want om hulle al om sesuur by die skool te gaan los werk nie in my boeke nie!

Halfpad op pad lughawe toe onthou manlief hy't sy kaartjie op die eetkamertafel neergesit om as laaste ding te vat . . . en dit was toe nie die laaste ding wat gebeur het nie! Omgedraai in die reeds groeiende verkeer en die vervloekste kaartjie gaan haal, en daar het ons dinge begin fyn sny.

Terug op pad was die toename in motors voor ons opvallend. Almal wat agter ons was, is nou skielik aan die ander kant en ons aan die verkeerde kant. Die kinders het die geharwar en gejaag baie snaaks gevind en bly giggel soos twee tienermeisies (wat hulle nie was nie, maar eerder twee seuns van 10 en 8 jaar).

By die lughawe gekom met nog so sewe minute te spaar voor daar ingeweeg moet word, draai ek per ongeluk by die parkeerterrein in pleks van net deurry om hom af te laai.

Met al die motors agter my is daar nie 'n manier wat ek die taxi-troef kan gooi en agteruit probeer inkom by die regte plek nie, so ons druk maar deur. Dit was nie drie minute later nie wat ek terugkom by die betaalhoekie (dit was mos nou voor die outomatiese betaalpunte van deesdae - desjare was dit nog by die hek) stilhou en die strokie vir die ou in die hokkie gee.

Ek begin verduidelik dat ek net my man afgelaai het, hy kan maar kyk na die tydstempel, maar dit word eenvoudig geïgnoreer asof ek glad nie gepraat het nie, en die hand word uitgesteek.

"One rend feefty please".

Terwyl ek in my handsak rondskraap vir die bedrag, onthou ek dat ek die vorige dag my kleingeld in die handsak gebruik het vir melk en net 'n R100 noot het.

Hardkoppig besluit ek om al die los sente wat in die kar rondlê in hopies te begin pak. Die asbakkie tussen die sitplekke voor het altyd 1c, 2c, 5c, 10c, 20c en 50c stukke in - dit behoort die bedrag te dek, maar dit sal getel moet word.

Intussen is die motors agter my aan't aantel soos 'n klomp hase in 'n luserland, maar ek steur my min daaraan.

Skakel die kar af (tot 'ta se grootste ontsteltenis!) en begin die muntstukkie op 10c hopies opstapel.

Met die derde hople amper by 30c onderbreek hy my met 'n "It's OK - you can go" en hy lig die arm van die hek op, maar met 'n handjie wat verontwaardig gewaai word in die laspos se algemene rigting terwyl daar deur die twee kinders (wat nog by die skool moet kom en ook nou tender vir laat wees) ook hopies gemaak word.

Die hele proses het seker nie langer as drie minute gevat nie, maar vir die ou in die hok het dit seker soos 'n leeftyd gevoel. Die toeters wat tekere gaan en ek wat oënskynlik kalm en bedaard sit en sukkel om my geld op hopies te kry. Maar ek moet erken die bevrediging om hom net soveel te frustreer as wat hy my gefrustreer het, was dit werd!

Net om die ou se dag te maak, het ek 'n *2c-tip* ingesluit, met die groet:

"Next time you'll probably listen?"

**KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 26 AUGUSTUS**